



## Ons kruisie en die kruis van Golgota

Binnkort het ons weer 'n algemene verkiesing. Mense gaan hulle kruisies trek agter die party van hulle keuse. Met hulle kruisie hoop mense om iets te bereik: die party van hulle keuse moet iets doen om van ons land 'n beter plek te maak.

Die evangelies (Matthéüs 27:11-31, Lukas 23:17-25; Markus 15:6-15) vertel ons hoe daar op die eerste Goeie Vrydag in die wêreldgeskiedenis ook 'n verkiesing georganiseer is. As dubbeltal is deur Pilatus gestel: Jesus en Barabbas.

Om iets te verstaan van hierdie verkiesing en die diepste betekenis van die uiteindelijke keuse, moet ek u iets vertel van die twee kandidate. Om reg te kan stem, moet 'n mens die kandidate goed ken, nie waar nie?

Die eerste kandidaat wat ons onder oë moet neem, is Barabbas. Hierdie Barabbas was die leier van 'n opstand teen die owerheid. Nou is dit sekerlik vir u almal bekend dat Palestina in die tyd van Jesus onder Romeinse oorheersing gestaan het.

En daar is niks nuuts onder die son nie: deur die wêreldgeskiedenis heen het dit gebeur dat juis wanneer 'n volk onderdruk is, die nasionalisme en patriotisme opgebloeit het en versetbewegings ontstaan het. In daardie tyd was dit ook nie anders nie. 'n Versetbeweging bekend as die Selote of yweraars het ontstaan. Vryheidsvegters kan ons ook maar sê. Selfs een van Jesus se dissipels was 'n Seloot, naamlik Simon die Yweraar, of soos die naam in die Aramese taal lui: Simon Kananites.

Die Selote het hulle gereed gehou om dadelik met die verskyning van die Messias tot sy leër toe te tree en die heilige oorlog teen die Romeine te begin. Ja, want so 'n messias het hulle verwag: nie 'n Messias wat hulle sou verlos van die sonde nie, maar 'n Messias wat hulle sou red van die onderdrukking van die Romeinse oorheerser.

In hierdie organisasie het Barabbas waarskynlik 'n belangrike posisie beklee. In een van die baie botsings met die Romeinse troepemagte het hy in sy Selote-ywer 'n opponent doodgeslaan. U begryp dus: die opstand waar hy by betrokke was en die moord wat hy daarin gepleeg het, was polities gekleur. Dit was deel van die vryheidstryd.

Ons kan dus sê: Barabbas was 'n verlosser. Hy was 'n man wat alles op alles gesit het om sy volk te verlos. Maar dan moet ook dadelik daarby gesê word: hy wou verlos met die swaard en hy wou verlos van die juk van die Romeine.

Daar is selfs van die Griekse tekste van die Nuwe Testament wat sê dat sy naam eintlik Jesus Barabbas was. En u weet wat die naam Jesus beteken: verlosser.

Die tweede persoon op die dubbeltal wat ons aandag vra, is Jesus. Hy was egter 'n totaal ander verlosser as Barabbas. Reeds aan die begin van sy beskrywing van die evangelie vertel Matthéüs ons wat sy Naam beteken: dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

Hy is dus nie 'n Verlosser wat die volk kom verlos het van die juk van die gehate Romein nie, maar Hy sou sy volk verlos van die mag van die sonde en die duiwel. So 'n Messias is Hy. Daarby sou Hy nie red deur die swaard nie, maar deur sy bloed.

### **Die gevolge**

Op daardie Goeie Vrydag word die kerk van daardie tyd voor 'n keuse gestel: Barabbas of Jesus, die weg van selfverlossing of die pad verlossing deur Jesus alleen. En op daardie Goeie Vrydag maak hulle die slegste keuse wat hulle ooit kon maak: hulle kies vir Barabbas en teen Jesus.

'n Messias wat hulle verlos van die sonde, het hulle nie nodig gehad nie. Hulle wou 'n Messias hê wat hulle van hul tydelike nood, die Romeinse onderdrukker, kon red.

U mag miskien wonder: hoe kon hulle so verskriklik dwaas gewees het? Maar weet ons nog dat dit genade is om die regte keuse te maak? Hier is 'n verkiesing waarin ons altyd verkeerd sal stem, tensy God ons deur sy Gees van beter oortuig. Uit onself kies ons altyd vir die pad van selfverlossing.

Maar u moet ook weet wat 'n vreeslike, fatale gevolge hierdie verkeerde keuse vir die Jode gehad het. Nadat hulle uitgeroep het: "*Laat Barabbas vir ons los*", verklaar Pilatus: "*Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man; julle kan toesien*". Daarop het die hele volk die verskriklikste antwoord denkbaar gegee: "*Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom*".

En sy bloed het op hulle gekom: In die jaar 70 nC het God sy oordeel aan Jerusalem voltrek. Dit was die jaar waarin die Jode teen die Romeinse bewind in op stand gekom het. Wat toe gebeur het, is eintlik onbeskryflik. Die Jode is by die honderd duisende doodgemaak en die wat nog oorgebly het, is as slawe weggevoer en oor die hele wêreld verstrooi.

Ook die tempel is verwoes en Jerusalem is met die grond gelykgemaak.

En die Selote? Kon daardie verlossers hulle dan nie verlos nie? Kon die Jode hulself nie red nie? Nee, want watter mens is bestand teen die gerig van God? Wie kan staande bly en red as die Here met sy oordele oordeel oor die aarde gaan? Wie kan dan verlos?

En nou moet ons weet: die oordeel van God oor Jerusalem was 'n voorspel, die voorpunt van die groot gerig van God wat oor die aarde kom. En wie sal dan kan verlos?

Ja, wie kan? Ek verkondig aan u die Paasevangelie: daar is Iemand! Wie dan? Die ander Man op die dubbeltal, die Man wat eenparig uitgestem is: die eie Seun van God. Jesus Christus, ons Verlosser. Want Hy is dit wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

"*Laat Hom gekruisig word*", het die volk geskreue. En toe is Hy gekruisig. Maar weet u wat beteken dit? Toe is Hy oorgegee aan die oordeel van God. Toe het die gerig van die hel oor Hom gegaan. Hy het die toorn van God teen die sonde gedra aan die vloekhout van Golgota. Want dit is die diepste betekenis van die kruis. En dit het Hy nie vir Homself gedoen nie. Dit het Hy gedoen vir elkeen wat vir Hom kies. Dit het Hy gedoen om elkeen wat in Hom glo, te red van die groot eindgerig.

Maar die regte keuse lewer nie eers dan vrugte op nie. Nou alreeds mag ons weet dat alles tussen ons en God weer reg is en dat Hy in alles met ons wil wees. En in ons sondedal met sy sonde wat alles stukkend maak, mag ons weet: daar is een wat ons van ons sonde kan verlos en ons lewe weer kan mooi maak: Jesus, die Verlosser.

## **Ons kruisie**

Nee, ek wil u nie sê vir watter party u moet stem nie. Wel wil ek vir u sê: as u van ons land 'n beter plek wil maak, plaas dan u kruisie agter die kruis van Golgota. Want net die kruis van God kan ons land verlos van sy eintlike probleem, naamlik die sonde.

Hoe moet ons ons kruisie agter die kruis van Jesus trek? Deur aan almal te verkondig dat net Hy ons kan red.

Attie H Bogaards

© 2015

[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)